PW VAN HEERDEN
POSBUS 271, WESSELSBRON, 9680
083 627 4133
086 266 3588
pwvanheerden@mailbox.co.za

PRESIDENT VAN DIE MEATMASTER TELERS GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

10-09-2013

Geagte teler.

Toe ek in 2010 vir die eerste keer kennis maak met die Meatmasters by Nampo het ek nie eers daaraan gedink dat ek die voorreg sal hê om hierdie dinamiese ras se president te wees nie. Dit is vir my 'n groot eer om hierdie ras te help ontwikkel en na hoër hoogtes te neem.

Ek boer tussen Wesselsbron, Welkom en Bultfontein. Ons is drie broers wat saam met my pa boer. Ek en my pa, Pieter, hanteer die vee, hoofsaaklik kleinvee. Ons boer stoet met vier verskillende rasse. Ons spesialiseer in veevebetering deur middel van prestasietoetsing en streng seleksie. Ons leuse is: "Ons teel met liefde en toewyding".

Voortaan gaan ek poog om elke kwartaal 'n brief uit te stuur om u op hoogte te hou van gebeure wat plaasgevind het asook om u te herhinner van komende aktiwiteite onder die vaandel van die Meatmaster Genootskap.

Die amptelike Jaarvergadering is gehou op die 28ste Augustus 2013 te Bloemfontein. Dit was 'n baie sinvolle vergadering.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike besluite wat op die Vergadering geneem is: Vir die toekoms moet 'n ooi, of 'n lam by haar hê of dragtig wees om op 'n veiling aangebied te word. Ooie wat op 'n veiling aangebied word moet poena wees. Vir die Nasionale Veiling mag daar 'n maksimum van een ramlam en 2 volbek ramme ingeskryf word.

Ek stel ook graag die Raad vir 2013/2014 aan u bekend:
PW van Heerden – President
Clynton Collett – Vise-president
Boemie Saayman
Danie Visser
Henk Kearney
Dr. Johan Steyn

Wat die Nasionale veiling van die 29ste Augustus 2013 aan betref, was daar weereens 'n baie streng keurings proses gewees ten einde te verseker dat daar net die beste gehalte diere aangebied word.

Die uitslae lyk as volg:

9 Ooi lammers – Gem R 1378
99 Dragtige ooie – Gem R 1784
57 Ooie met 62 lammers – Gem R 2016
61 Ramme – Gem R 4250
Die duurste ram was R 16 000 van mnr. Collett

Baie geluk aan die verkopers met ‘n puik Veiling.

Ander gebeure in Augustus:
Andrè van der Poel het Meatmasters by die Lente skou uitgestal in Pretoria.
Freddie Peters het die African Farmers workshop & Expo 2013 namens die Genootskap behartig.
Nasionale Veldram veiling was te Hopetown op die 8ste Augustus 2013.

Gebeure in September:
Clynton Collet, Mario du Preez, Henk Kearney en PW van Heerden bied ‘n junior kursus in Namibië aan by Jannie de Villiers in Grunau. Hulle bied ook ‘n inligtingsdag en keuring te Keetmanshoop skou aan. Daar was baie belangstelling.

Gebeure wat kom:
Griekwastad Veldram Veiling – 12 September 2013
Noord-Oos Meatmaster Veldram projek inname – 18 Sept 2013 (Sarie – 082 903 4336)
Agri-Mega – 18-21 September 2013
Loeriesfontein Skou en Veiling – 16-18 Oktober 2013
Beginners Kursus – 25-26 Oktober 2013 (Johannes – 083 233 7848)
Kleinvee Forum – 12 November 2013
SA Stamboek se Algemene Jaarvergadering – 31 Oktober 2013
Pretoria veiling – 31 Oktober 2013 (Rachel – 084 240 5269)

Baie belangrik!!!!!!

U moet asseblief vir my u joernaal advertensies instuur. Die advertensies moet my bereik voor 31 Desember 2013. Geen laat advertensie sal geplaas word nie. U kan dit vir my e-mail na pwvanheerden@mailbox.co.za

U is meer as welkom om die Genootskap te kontak vir enige navraag.

Groete

PW van Heerden